

# Reik na die sterre

Hester Coetsee

**Die nuwe jaar is byna reeds 'n maand oud en meeste het al vergeet van die welverdiende ruskansie wat agter die blad is. Die skole het begin en huiswerk en toetse is aan die orde van die dag! Voordat hierdie jaar egter nuwe Rassie uitskieters oplewer, moet daar eers met trots melding gemaak word van verlede jaar se besondere prestasies:**


Venessa Lee, dogter van Johan en Melinda, het in 2004 aan ons plaaslike Hoërskool gematrikuleer. Reeds op skool het Venessa een na die ander prestasie behaal. Sy was ook gedurende 2004 lid van die Bestuurskomitee, en wel as "Minister van Wet en Orde". Sy het 'n besondere passie vir kinders en het sedert graad 10 tot en met graad 12 as Sondagskool onderwyseres in haar kerk diens verrig. Na skool was dit 'n logiese besluit om haar in die onderwysberoep te bekwaam en sy registreer aan die Noord-Wes Universiteit (Potchefstroom Kampus) vir die graad BEd – Intermediêr en Senior Fase, met Kuns en Natuurlike Wetenskappe as hoofvakke.

Op Universiteit is Venessa reeds vanaf haar tweede jaar verkies as huiskomiteelid. Hierdie was 'n besondere verrassing vir haar en haar ouers aangesien lede vir die huiskomitee gewoonlik bestaan uit derde- en vierdejaar studente! In haar derde jaar word sy benoem as Vise-Primaria en die jaar daarop is sy Primaria. Sy is ook deel van die Goue Sleutel Komitee wat al die Top 15 presteerders insluit en aan hierdie komiteelede die universele geleentheid bied op werk.

Hierdie aspirant juffrou slaag sedert haar eerste jaar van haar vakke Cum Laude en is deurentyd een van die "Top 15" akademiese presteerders. Sy behaal ook aan die einde van verlede jaar haar graad: Cum Laude – voorwaar 'n uitsonderlike prestasie! Sy is tans besig met Honeurs met die tema: Onderwysreg, Onderwysstelsels en Bestuur met die oog op menseregte en bestuur.

Venessa skryf haar sukses toe aan harde werk en die besondere ondersteuning en liefde van haar ouers, asook die invloed wat haar kerk en die skole op haar karaktervorming gehad het. Sy dra haar graad op aan haar broer, Willem Lee, wat die gesin gedurende 2001 aan die dood moes afstaan.

Dis met trots dat melding gemaak word van oud-Rassies se besondere prestasies en wens Venessa alle voorspoed en seën toe met haar verdere studies en toekomsplanne. Wel gedaan!




Misheck BJ Tree Felling besig om korte mette met 'n groot jakarandaboom te maak. Die boom is verwyder omdat gedurende hierdie reënseisoen, as die wind sterk waai, takke afgebreek het. Die situasie het ook 'n skaderisiko vir 'n buurman ingehou. Alhoewel mooi, is jakarandas nie 'n inheemse boom nie. Misheck kan geskakel word by 082 711 7358.


# DISAPPOINTED?

**Phone your roof truss specialist today**

**Over 15 Years of combined experience with our main aim on quality & customer service.**




**STARKE TRUSSES**

**6 Etron Street, Onverwacht**
**t : 082 848 8585 c : 079 817 1977**
**e : willem@starketrusses.co.za**


**TSEBIŠO YA TEKOLO YA SCOPING LE KHUETŠO GO TIKOLOGO YA SENOLOFATŠI SA GO LAHLELA DITLAKALA TŠA KAKARETSO LE DITLAKALA TŠE KOTSI LEPHALALE, KA PROFENSENG YA LIMPOPO**

**TALETŠO YA GO NTŠHA MAIKUTLO**
**Deat 12/12/20/1399**

Eskom e gare e aga seteše sa go fehla mohlagase ka malahla sa 6 X 800MW (sa tšweletšo ya palomoka ya 4 800MW ge se fedile). Seteše se tsebega ka la Medupi Power Station gomme se bokgole bjo ka bago 15km ka lebowa-bodikelabja toropo ya Lephalale ka Profenseng ya Limpopo. Go kgotsofatša dinyakwa tša maleba tša molao, ditlakala ka moka go tšwa kagong ya Medupi di swanetše go lahlelwa senolofatšing sa ditlakala se se nang le laesense ya maleba. Thotobolo ya Ditlakala ya bjale Toropong ya Lephalale ga e na laesense, kafao ga re kgone go e šomiša mo lebakeng le. Se se bakile gore mo lebakeng le Eskom e rwalele ditlakala ka moka tša Medupi ka tikologong ya Johannesburg, gore e lahlwe. Kafao go šišinywa gore go agwe lefelo la go lahlela ditlakala mo tikologong go lahlela ditlakala tše di tšweleditšwego ka nako ya ge seteše se sa mohlagase se agiwa le ge se šetše se soma. Go dimo ga moo senolofatši se se tla šomišetšwa go lahlela ditlakala ka kakaretšo le tše kotsi go tšwa go Matimba Power Station ye e šetšego e le gona, gammogo le diteše tše pedi tša mohlagase tše di šišinywago ka tikologong ya Waterberg.

Go fiwa Tsebišo go ya ka Melawana ye e Gatišitšwego ka go Tsebišo ya Mmušo R. 385 ka go Kuranta ya Mmušo No. 28753 ya di 21 April 2006, ka tlase ga Karolo 24(5) ya Molao wa Bosetšhaba wa Taolo ya Tikologo, wa 1998 (Act No.107 of 1998), bja'ka ge o memetletšwe, gore **Eskom Holdings** Ltd e šišinywa go aga senolofatši sa ditlakala ka kakaretšo le la go lota ditlakala tše kotsi ka Lephalale, Profenseng ya Limpopo.

Go ya ka Karolo 24 le 24(D) ya Molao, bja'ka ge e balwa le Melawana ya Ditsebišo tša Mmuso 22 – 26 le R. 386 (Item 1 (k); 1 (l); 1 (m); 1 (p); 7; 13; 15 and 16) le R. 387 (Item 1 (c); 1 (e); 1 (f); 1 (g); 1 (l); and 1 (o) ), go nyakega Scoping and Environmental Impact Assessment ya projeke ye e šišinywago.

Projeke ye e ngwadišitšwe le Kgoro ya Bosetšhaba ya Merero ya Tikologo le Boeti ka tlase ga Application Reference Number Deat 12/12/20/1399.

Ka go realo, Envirolution (Pty) Ltd e thwetšwe bja'ka consultant ye e ikemetšego ya tikologo go dira tekolo ya tikologo ye e nyakegago le lenaneo la kamego ya setšhaba la projeke ye e šišinywago. Go hwetša tshedimošo ye nngwe le go ingwadiša go database ya projeke, hle romela leina la gago, dintlha tša go ikopanya le wena le kgahlego ya gago projekeng go:

Netisha Chetty go Public Participation Office, Envirolution Consulting (Pty) Ltd, **Tel:** 0861 444 499 **Fax:** 0861 626 222 **E-mail:** netisha@envirolution.co.za **ka goba pele ga di 13 February 2009.**

**Projeke ye e sepedišwa ke Envirolution Consulting legatong la Eskom.**

**Hle ngwadiša kgahlego ya gago projekeng pele go feta matšatši a 30 tsebišo ye e phatlaladitšwe.**

# Liquor City – The Liquor Boys

**Hierdie uitmuntende drankwinkel het in 1994 tot stand gekom en is die eerste tak hiervan oopgemaak wat 'n besliste landmerk in die drankbedryf sou word.**

Met tans meer as 90 winkels, en nog uitbreiding deur middel van konsessies het Liquor City in net meer as 'n dekade gegroei tot 'n maatskappy met honderde werknemers.

In 2003 het die konsessies 'n ekstreme gedaanteverwisseling ondergaan wat die onmiskenbare kenmerk van kwaliteit, voortreflikheid en panache bevat.

Liquor City, die beste van sy soort in die land, voer eksklusiewe gehalte handelsname drank in van oral in die wêreld. Die drankwinkel is ook bekend daarvoor dat hulle pryse van die beste in die land is.

Of jy topgehalte konjak, van die beste whisky of brandewyn, van droë tot soet wyn, die genot van verskeie likeurs, die lekker van heerlike sjerrie of port, ingevoerde bier, die heerlikheid van gin of vodka, of slegs 'n verfrissende koeldrank wil koop en nog baie meer, verseker Liquor City met hul opgeleide personeel u die belofte van *par excellence* – die winkel met die onbeperkte keuse!

Liquor City Onverwacht is geleë regoor die Bosveld Supermark en Liquor City Ellisras by die Shoprite Sentrum. Albert en Edna Fernandes, die vriendelike eienaars, nooi inwoners om van hul uitmuntende diens en kompeterende pryse gebruik te maak.

# Pint vir 'n pint

**Die Suid-Afrikaanse Nasionale Bloeddiens (SANBS) wil graag alle bloedskenkers en mense wat belangstel om bloed te skenk, uitnooi na die *Pint vir 'n Pint* aksie op 31 Januarie 2009 vanaf 09:00 tot 12:00.**

Die aksie behels dat vir elke pint bloed wat SANBS kry, SANBS aan die skenker 'n pint bier gratis sal gee.

Die *Pint vir 'n Pint* aksie word gehou by die Ellisras/Lephalale Kliniek by die Onverwachtsentrum.

Om bloed te mag skenk moet u:

- Tussen die ouderdom van 16 en 65 wees;
- Goed en gesond voel;
- Meer as 50 kg weeg; en
- 'n Veilige seksuele leefstyl lei.

Vir verdere inligting skakel gerus u naaste bloedskenksentrum by 014 763 5922



'n Verheugde Ettienne met sy beursie weer veilig in sy eie hande!

# Eienaar kry beursie terug

Elsa van Rooyen

**Vrydagaand het mnr Ettienne Vente[r] sy beursie verloor.**

Die beursie met onder andere sy bestuurderslisensie en bankkaarte in is Maandag by *Mogol Pos* ingegee. Geen kontant was in die beursie nie.

Voordat die berig in hierdie week se koerant kon verskyn het Ettienne sy beursie ongeveer 10:50 by die koerant afgehaal.

Alhoewel die ongeveer R200 wat volgens hom in die beursie was, nie meer daarin was nie, het hy gesê dat dit hom nie pla nie, want die terugkry van sy lisensie en kaarte is vir hom baie belangriker.

# Dikstertmerrie hou ons op ons tone!

Elsa van Rooyen

**Sommige juweelwoorde kry mens nou maar eenmaal nie in 'n woordeboek opgespoor nie.**

By Mogol Pos het almal, behalwe Dries van Rooyen (72), se oë gerek toe oud onderwyseres Hannetjie Hattingh, wat tydelik by Mogol Pos uithelp, vra waar is die dikstertmerrie.

Dries het outomaties aan haar 'n dik woordeboek oorhandig en toe sou ons ander eers uitvind dat vroeërjare die 'grootmense' hierdie interessante Afrikaanse term gebruik vir 'n 'dictionary'.

Nodeloos om te sê dat Dries en Hannetjie ons ander as nog te nat agter die ore beskryf het omdat ons nie weet wat 'n dikstertmerrie is nie!

# Minor raped in Witpoort

**It is alleged that on 6 January at about 15:00 a 10-year-old girl was walking back home from her grandmother's house when she passed the suspect's house.**

The suspect, known to her, called her into the house, closed the door and forcefully raped her on a couch.

Afterwards he dressed himself and told her not to report the incident to anyone.

A case of rape was opened as per Witpoort 22/01/2009 and is under investigation.

The suspect has not yet been arrested.

## KENNISGEWING VAN 'N TREFWYDTE- EN OMGEWINGSINVLOEDEVALUERING VIR DIE VOORGESTELDE ALGEMENE AFVAL-LANDVULPERSEEL EN 'N AFVAL-BERGINGSFASILITEIT VIR GEVAARLIKE AFVAL IN LEPHALALE, LIMPOPO-PROVINSIE

**UITNODIGING TOT KOMMENTAAR**
**Deat 12/12/20/1399**

Eskom bou tans 'n steenkool-aangevuurde kragstasie van 6 X 800MW (4 800MW totale geïnstalleerde kapasiteit). Hierdie stasie staan bekend as die Medupi-kragstasie en is ongeveer 15 km noordwes van die dorp Lephalale in die Limpopo-provinsie geleë. Ten einde aan die relevante regsvereistes te voldoen, moet alle afvalmateriaal afkomstig van Medupi se konstruksie in 'n behoorlik gelisensieerde afvalfasiliteit weggedoen word. Die bestaande Afvalhoop by die dorp Lephalale is nie gelisensieer nie, en kan derhalwe nie vir hierdie doel aangewend word nie. As gevolg hiervan, vervoer Eskom tans alle afval van Medupi na die Johannesburgse gebied vir finale wegdoening. Daar word dus voorgestel dat 'n landvulperseel in die area daargestel word om die afval wat gedurende die konstruksie- en operasionele fases van die kragstasie gegenereer word, weg te doen. Verder sou hierdie fasiliteit gebruik word om voorsiening te maak vir die algemene en gevaarlike afval afkomstig van die bestaande Matimba-kragstasie, asook van die twee voorgestelde kragstasies in die Waterberggebied.

Kennis word gegee ingevolge Regulasies uitgevaardig in Regeringskennisgewing R. 385 in die Staatskoerant, Nr. 28753 van 21 April 2006, onder Artikel 24(5) van die Nasionale Omgewings-bestuurswet, 1998 (Wetnr. 107 van 1998), soos gewysig, dat **Eskom Beherend** Bpk beoog om 'n algemene landvul- en 'n bergingsfasiliteit vir gevaarlike afval in Lephalale, Limpopo-provinsie te bou.

Ingevolge Artikels 24 en 24(D) van die Wet, soos gelees saam met die Regeringskennisgewing-regulasies 22 – 26 and R. 386 (Item 1 (k); 1 (l); 1 (m); 1 (p); 7; 13; 15 and 16) en R. 387 (Item 1 (c); 1 (e); 1 (f); 1 (g); 1 (l); and 1 (o) ), word 'n Trefwydte en Omgewingsinvloedevaluering vir hierdie voorgestelde projek vereis.

Hierdie projek is geregistreer by die Nasionale Departement van Omgewingsake en Toerisme onder die Aansoekverwysnommer Deat 12/12/20/1399.

In hierdie opsig is Envirolution (Edms) Bpk aangestel as 'n onafhanklike omgewingskonsultant om die vereiste omgewingsinvloedevaluering en proses van openbare deelname vir die voorgestelde projek te onderneem. Vir verdere inligting en om op die databasis van die projek geregistreer te word, stuur asseblief u naam, kontak-inligting en belang in die projek **op of voor 13 Februarie 2009** aan:

Netisha Chetty by die Kantoor vir Openbare Deelname, Envirolution Consulting (Edms) Bpk, **Tel:** 0861 444 499, **Faks:** 0861 626 222, **E-pos:** netisha@envirolution.co.za

**Hierdie projek word namens Eskom deur Envirolution Consulting uitgevoer.**

**Registreer asseblief u belang in die projek binne 30 dae vanaf hierdie kennisgewing.**

## NOTICE OF A SCOPING AND ENVIRONMENTAL IMPACT ASSESSMENT FOR THE PROPOSED GENERAL WASTE LANDFILL SITE AND A HAZARDOUS WASTE HOLDING FACILITY IN LEPHALALE, LIMPOPO PROVINCE

**INVITATION TO COMMENT**
**Deat 12/12/20/1399**

Eskom is presently constructing a 6 X 800MW (4 800MW total installed capacity) coal-fired power station. This station is known as the Medupi Power Station and is situated approximately 15 km northwest from the town of Lephalale in Limpopo Province. In order to comply with relevant legal requirements all waste materials from Medupi's construction must be disposed of in an appropriately licensed waste disposal facility. The Waste Dump which exists at the Town of Lephalale is not licensed, and therefore cannot currently be utilised. As a result Eskom presently transports all Medupi wastes to the Johannesburg area, for final disposal. It is therefore proposed that a landfill site be established in the area to dispose of the waste generated during construction and operation phases of the power station. In addition this facility would be utilised to accommodate general and hazardous waste from the existing Matimba Power Station, as well as from two proposed future power stations in the Waterberg area.

Notice is given in terms of Regulations published in Government Notice R. 385 in Government Gazette No. 28753 of 21 April 2006, under Section 24(5) of the National Environmental Management Act, 1998 (Act No.107 of 1998), as amended, that **Eskom Holdings** Ltd proposes to construct a general landfill and a hazardous waste storage facility in Lephalale, Limpopo Province.

In terms of Sections 24 and 24(D) of the Act, as read with Government Notices Regulations 22 – 26 and R. 386 (Item 1 (k); 1 (l); 1 (m); 1 (p); 7; 13; 15 and 16) and R. 387 (Item 1 (c); 1 (e); 1 (f); 1 (g); 1 (l); and 1 (o) ), a Scoping and Environmental Impact Assessment is required for this proposed project.

This project has been registered with the National Department of Environmental Affairs and Tourism under Application Reference Number Deat 12/12/20/1399.

In this regard, Envirolution (Pty) Ltd has been appointed as an independent environmental consultant to undertake the required environmental impact assessment and public participation for the proposed project. To obtain further information and register on the project database, please submit your name, contact information and interest in the project to:

Netisha Chetty at the Public Participation Office, Envirolution Consulting (Pty) Ltd, **Tel:** 0861 444 499 **Fax:** 0861 626 222 **E-mail:** netisha@envirolution.co.za **on or before 13 February 2009.**

**This project is conducted by Envirolution Consulting on behalf of Eskom.**

**Please register your interest in the project within 30 days of this notice.**